

**Skriflesing:** Spreuke 11:1-31

Teks: **Spreuke 11:29-30**

**Sing- Ps. 96: 6,7; Ps. 1:1,2; Ps. 116:4; Ps. 128:2,3**

*Wie sy huis in beroering bring, sal wind erwe, en 'n dwaas word 'n slaaf van hom wat wys van hart is.* Broeder en suster, wanneer ons saam met Spreuke 11 die bekende woorde in Prediker 3 óók lees- (*daar is 'n tyd- ...*) dan staan daar in Prediker 3:2- *'n tyd om te plant, 'n tyd om uit te roei wat geplant is.* Die woorde om 'n plant uit te roei gebruik die Prediker in Hebreeus presies dieselfde woord as wat ons in Spreuke gelees het. Die man wat sy huis in *beroering* bring.

Ons kan die huisgesin maar altyd vergelyk met soos 'n klein plantjie. Hoe kan 'n mens 'n klein boompie verwoes! So is ook die man in Spreuke 11- om uit te roei wat geplant is. 'n Man wat sy huis in beroering bring, verwoes sy huis. Die huis kom in wanorde. Die huis wat eintlik eerste gestel moet word, word laaste gestel. Daar waar jou huismense geborge wil wees, veilig en gewortel, daar kom die een in v. 29- hy kan so 'n huis omkeer.

\*\*\*

Maar geliefdes, die Spreukdigter laat dit nie daar nie. Die een wat sy huis in beroering bring bring 'n erfdeel oor homself- Die een *sal wind erwe.* In vers 30 staan 'n ander man, 'n ander vrou. Mense wat nie beroerders van hulle huise is nie- rustige manne...vroue wat vrug dra- die vrug van die regverdiges... mense wat die Here noem- bome van lewe... mense wat siele wen, wyse mense.

Die gedagtes wat ek hierdie verse aan u wil verkondig is 1. Is daar rus of is daar beroering in ons huise 2. By al twee is daar 'n erfdeel/vrug ter sprake. 3. In die laaste plek wat maak ek met my erfdeel? Eerste dan-

### **Is daar rus of is daar beroering in ons huise?**

'n Huis is nie maar net die plek waar ons bly nie. Adam die eerste mens op aarde was in 'n tuin gestel. Daar was sy huis. Die Here het hom aangestel. Op 'n bepaalde tyd was hy op 'n bepaalde plek gestel. Die Here het baie duidelik bepaalde verwagtinge aan Adam gestel gehad. Eers het God Self die asem van die lewe in Adam ingeblaas. Hy word 'n lewende siel- hy staan nou in direkte verbinding met God. God wat hemel en aarde aanmekaar bind, bind hom nog nader. God bind hom direk aan die mens.

\*\*\*

God gee aan die mens sy asem, sy siel (v7), God gee aan die mens 'n plek, 'n aanstelling, 'n posisie (v 8) . Ons lees in Gen. 2:8- *Ook het die HERE God 'n tuin geplant in Eden, in die*

*Ooste, en daar aan die mens wat Hy geformeer het, 'n plek gegee....* Die gedagte dat God aan Adam plek gegee het beteken God het hom daar geplaas. Die Hebreus gebruik hier die woord- שׁוּמ suwm {soom}- wat beteken God het hom aangestel, hy is benoem vir hierdie pos. Dit is so bepaal en verorden.

Net so 'n ent vêrder in Gen. 2 lees ons ook v.15 wat direk aansluit by v. 8 - *Toe het die HERE God die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak.* Hy moes nie 'n beroerder in die tuin gewees het, maar 'n bewerker, 'n bewaker. Daarvoor is hy geroep, die asem wat God hom gegee het, was nie maar gewone wind nie. Die lewe van God, die asem van God is Adam ingeblaas om hierdie aanstelling en instelling, die tuin wat vir Adam sy huis was, te bewerk, te bewaak.

So lees ons Gen. 2 verse 8 en 15 saam... Vers 8 het God die mens 'n *plek gegee*, 'n aanstelling, vers 15 sou dit kon word 'n rustige instelling- let wel RUSTIGE INSTELLING... God het die mens in die tuin van Eden gestel- Om daar deur God *gestel* te wees gebruik die Hebreus die woord- נַחַח (nuach)- Ja, die latere Noag wat die ark gebou het, se naam staan direk in verband met die woord. Die ark wat ook soos 'n huis vir Noag was. Noag sou ook geen *beroerder vóór* , in en ná die ark moes wees nie.

Die woord *nuach* in Gen. 2:15 hou verband met rus. Dit het op Adam gerus om die tuin te bewerk en te bewaak. Die tuin sou kon wees, plek van rus en plek van vrede. Geen beroeringe nie. As Adam net sou doen wat God van hom geëis het dan was hy geroep om hierdie rus en vrede wat reeds by God bestaan en reeds deur God geseën was, in te gaan.

\*\*\*

Die gedagte dat daar by God berusting kan wees, is 'n ryke gedagte. Lees ons Gen. 2:2-3 dan staan daar- *En God het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het. En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak.* God het gerus, God het berus, dit staan nou aan mekaar verbind. God is geen beroerder nie. God berus in sy goeie skepping. So goed is hierdie skepping dat dit nie nodig was dat God ná die skeppingsdae nog iets moes skape nie. Rus dui tog op die afwesigheid van beweging. As daar nog werk kort, dan kan daar nie rus wees nie. Eers as die werk klaar is, kan daar volledig rustigheid wees.

Daardie rus, rustigheid was na die skepping God se rus. God seën hierdie rus met 'n dag wat volledig rusdag sou wees, God maak dit 'n instelling en God seën hierdie instelling. Dit is die eerste seëning wat ons in die Bybel van lees. Dit is al wat direk geseënd genoem word ná dit geskep was en dit is die instelling van die rusdag- 'n geseënde heilige instelling, wat daar geen beroering moet wees nie, maar rus en berusting in die goeie God se volmaakte werk.

\*\*\*

Hoe die mens nie in God se volmaakte skepping en in God se geseënde rus kon berus nie, is die verhaal van die sondeval en die sonde wat geen rus ken nie. Die verhaal van hoe die mens met die beroering van die slang die groot beroerder op aarde geword het. Dit is direk hiermee wat Spreuke met ons as God se kinders praat. Die man wat sy huis in beroering bring is besig om met die asem van God te mors. Ja, die eerste man het God Self die lewensasem ingeblaas. Die man wat sy huis in beroering bring, sal nie geseën wees met die asem van God nie, maar hy sal met wind beloon word. Die beroerder in sy huis sal wind erwe, ja sy loon word nie groter nie, maar swaarder. Hy erwe wind en so een wat sy huisgesin verwoes sal in sy dwaasheid 'n slawelewe ingaan. Die lewe wat nie rus ken nie. Die man wat *sy huis in beroering bring ... word 'n slaaf van hom wat wys van hart is...*

Die vraag wat ons in ons huise ons moet afvra- is daar rus of is daar beroering in ons huise. Uit hierdie vraag kom ons nou by ons tweed gedagte-

**Die erfdeel/vrug wat ter sprake is.**

Die beroerder erwe wind. Sonder die werklike asem van die lewe kan 'n mens nie rus nie. Iemand wat sy huis beroer sal altyd homself ook beroer. Om jouself te beroer word jy 'n slaaf van ander, jy word 'n slaaf van hulle wat nie beroerders van hulle huise is nie. Jy word 'n slaaf van hom wat wys van hart is. Die wysheid van God, die rus van God bly die beroerder ontwyk. Dit is die beroerder se erfdeel!

So een se lewe verloor sy sin en sy betekenis. Hy/sy word 'n erfgenaam van sinneloosheid. Eintlik 'n erfgenaam van niks. Broeder en suster, hoe belangrik is dit dat ons nie ontwortel moet staan nie. Onthou om beroering te bring is volgens Prediker dieselfde as om 'n boom te ontwortel....

Ons in hierdie tyd wat die leiding in ons huisgesinne moet neem. As jy dag na dag met jou huismense, met jou werkers beroering bring, wat gaan van jou word?! Jy word wind. Jy word 'n slaaf wat jy nie wil wees nie. Daar sal nie vir so een rus wees nie.

\*\*\*

So anders is die man van Spreuke 11:29 as die man van Psalm 127. Salomo is by beide aan die woord. Salomo wat ons glo Spreuke 11 geskryf het, skryf ook Psalm 127 – Ons lees onder andere..... *Tevergeefs dat julle vroeg opstaan, laat opbly, brood van smarte eet—net so goed gee Hy dit aan sy beminde in die slaap!* Vanuit hierdie geskenk wat in jou rus, in jou slaap na jou kom ... hy/sy wat geen beroerder is nie, kom Salomo by die mooie van die huisgesin sonder beroerders - *Kyk, seuns is 'n erfdeel van die HERE; die vrug van die moederskoot is 'n beloning. Soos pyle in die hand van 'n held, so is die seuns van die jeug. Gelukkig is die man wat sy pylkoker daarmee gevul het! Hulle sal nie beskaamd staan as hulle met die vyande in die poort spreek nie.*

Psalm 127 praat ook van hoe mens in jou rus, in rustigheid ryklik deur God beloon kan word. In jou slaap sonder dat daar beroering in jou huis is gebeur daardie wonderlike huisgesin van Psalm 127! Die huisgesin van Spreuke 11:30 is nie anders nie- *Die vrug van die regverdige is 'n boom van die lewe, en hy wat siele win, is wys.*

Die beroerder erwe wind maar die regverdige ontvang nie wind nie, maar ontvang ook iets vanuit Genesis. Die boom van die lewe is wat God reeds in Genesis geplant het. 'n Boom waarvan ons tot in Openbaring van lees. Die boom wat altyd groen bly, wat vrugte dra tot genesing van so baie mense - In Op.22:2 staan die boom van Genesis met sy volle wortels nog vas geplant- *In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat twaalf maal vrugte dra en elke maand sy vrugte gee, en die blare van die boom is tot genesing van die nasies...*

In Spreuke lees ons die aangrypende dat die mens wat nie sy huis beroer nie, hy ontvang nie net iets van die boom van die lewe. Sy vrug is vir sy huis net goed. So goed dat so een word vir sy huis 'n boom van die lewe. Dan hiermee saam- *so een wen siele*. Geliefdes, gewoonlik praat ons gereformeerdes nie graag só nie. Om siele te wen, mag dalk klink na “social gospel”, die metodistiese gevaar van die EE3 skema van jare gelede, wat seker daardie tyd ook al as strategie bedoel was, om evangelisasie-werk te doen wat gedoen moet word. Die feit is die erfgenaam van die boom van die lewe is 'n wyse man wat siele wen.

So een is in sy huis 'n voorbeeld. En vanuit sy huis, vanuit sy huisgesin is die gevolg iets wat eenvoudig net deurwerk na alle kante toe. Siele wen van oos en wes, noord en suid, begin tuis! Geen skema of mense-strategie is daarvoor nodig nie, maar wees één wat nie jou huis beroer nie, dan gaan jy ander mense met jou saamneem. Dit het eintlik dan reeds ons laaste gedagte ingelei-

**Wat maak jy met jou erfdeel?**

Broeder en suster- Dit kan so maklik gebeur dat die mense die naaste aan ons, jou huisgesin, jou familie, die mense wat vir jou werk, of vir wie jy werk, dat hulle die mense is met wie daar nie reg gewerk word nie. Die huisgesin is waar God jou gestel het. Die huisgesin is die erfdeel waarin God jou laat deel. Daar moet jy getrou wees en op jou pos kan bly staan. Die Spreukedigter sien die mense die naaste aan hom as hulle wat baie keer die seerste kan kry wanneer dinge aan huis verkeerd loop.

Dan word die plantjie uitgeruk, ontwortel, terwyl die boom van die lewe, Jesus Christus na jou kyk. Die regverdige kan word 'n boom van die lewe, maar hy/sy kan dit alleen word, omdat die boom van die lewe eerste moet staan. Op Hom moet ons ingeënt wees. In Hom moet ons as huisgesinne groei, want geliefdes, die boom van die lewe het ook 'n huis. Die huis van God is die kerk. 1 Tim 3:15 praat van hoe mense hulle moet gedra juis in die huis wat baie huisgesinne moet insluit- *Maar as ek vertoef, dan kan jy weet hoe iemand hom moet gedra in die huis van God, wat die gemeente is van die lewende God, 'n pilaar en grondslag van die waarheid.* Die man wat sy eie huis in beroering bring, hy bring ook 'n beroering in wat die huis van God is.

God se huis het die Heilige Gees nie as wind ontvang wat nie werk nie en wat maar net 'n beroering was nie. Die Heilige Gees is wel met 'n sterk wind as teken uitgestort, maar die Heilige Gees het vanaf Pinkster in die regverdiges wou werk. Die Heilige Gees is juis nie ontvang waar beroerders net wind erwe nie. Die regverdige het juis in Christus hierdie ander wind, die Heilige Gees ontvang wat siele kan wen. Die Heilige Gees bring lewe en rus, ja rus en vrede ook in ons huise. Die een wat sy huis in beroering bring staan vol wind sonder die ware Gees van God. Mag ons ontvang die wysheid wat die vrug van die regverdige 'n boom van die lewe maak. So 'n boom is nie ontwortel nie, dit is eintlik maar Psalm 1 se boom, wat alleen in Christus, Hy die boom van die lewe, wat u en u huise wil maak, bome van lewe.

AMEN